

# Onderwysers hou die doel voor oë

Die matrieks van Hoërskool Heilbron het vir die afgelope 22 jaar 'n 100% slaagsyfer behaal. Daarvoor ontvang ons jaarliks 'n trofee vir deurlopende 100% slaagsyfer. Vir 2018 was Hoërskool Heilbron weereens die enigste skool in Fezile Dabi Distrik wat hierdie toekening ontvang het vir 'n 100% slaagsyfer die afgelope 5 jaar.

Die matriekpersoneel spog met verskeie toekennings omdat hul vakgebied ook hul passie is:

- Mariaan Mouton: 2de Beste in Wiskunde Graad 12 - 100% slaagsyfer, 2de beste in Fisiese Wetenskap Graad 12 - 100% slaagsyfer.

- Magda Kruger: 100% slaagsyfer vir Rekeningkunde Graad 12, 2de beste in Rekeningkunde.

- Elsabe van der Merwe: 100 % Slaagsyfer, 3de beste in Verbruikerstudies - Graad12.

- Lize-Marie de Witt: 2de Beste in Geografie Graad 12 - 100% slaagsyfer

- Marina van Zyl: 100% slaagsyfer, 2de Beste in Afrikaans Huistaal Graad 12.

- Henriëtte van Rensburg: 100% slaagsyfer in Engels Eerste Addisionele Taal.

- Bertina Janse van Rensburg: 1ste in Wiskundige Geletterdheid - 100% slaagsyfer, 3de beste in Lewenswetenskap - 100% slaagsyfer.

- Ters Janse van Rensburg: 100% in Ingenieurs Grafika en Ontwerp. 20% bo Vrystaat gemiddeld bereik.

- Elmarie Cronje: 100% slaagsyfer, Rekenaarstoepassingstechnologie.

- Mnr. David Knight: 100% slaagsyfer L.O., 100% slaagsyfer, Besigheidstudies.

Bostaande prestasies is behaal in die Fezile Dabi Distrik. Hierdie distrik bestaan uit alle Sasolburg, Kroonstad, Parys, Heilbron, Koppies, Frankfort, Villiers, Tweeling en Viljoenskroon skole.



Op die foto voor vl: Mariaan Mouton, Elmarie Cronje, Magda Kruger, David Knight, Lize-Marie de Witt. Agter vl: Bertina Janse van Rensburg, Marina van Zyl en Elsabe van der Merwe. Heel agter: Ters Janse van Rensburg en Henriëtte van Rensburg.

## Toekennings ontvang vir top prestasies



Die onderwysers van Hoërskool Wilgerivier het toekennings ontvang vir top prestasies in die Fezile Dabi streek tydens 2018 se matriek eindeksamen. Op die foto bo voor: Dalene Muller, Monica van Heerden en Leandri van den Berg. Agter: Ben van Coller, Liesl van Coller, Sanri van der Watt, Deon de Jager, Juanita Richter en Marika van der Lingen.

**Get 10% OFF**  
when you spend over R300  
on canvas prints

Valentine's Day  
**Canvas Special**

Standard  
Canvas Prices

200x300mm (A4) - R130    400x600mm (A2) - R290  
300x400mm (A3) - R190    600x800mm (A1) - R480

All prices are excluding VAT. R25 Setup Cost for all jobs under R500 (excl.). Offer ends 13 February 2019.

Bring your photos on your USB Stick or E-mail us:  
heraldgraphics2@heilbron.co.za

**058 852 3033**

Heilbron Herald

